




in samewerking met BRASCH HOBBIES en ONDORI, Elegant Needlework

VATLAPPIES OM OOR TE KRAAI

Kikker jou kombuis op met 'n oulike vatlap soos dié terwyl jy sommer ook 'n tikkie van vervloë tye se plaasatmosfeer herleef. Met gewatteerde materiaal – effekleurig of met ontwerpe daarop – kan jy vinnig 'n fraaie hoender maak en die detail net met eenvoudige siersteke daarop borduur

saamgestel deur KLARADYN BRITZ



BENODIGDHEDE

Gewatteerde materiaal, 90 cm x 20 cm (hier is blougroen gebruik); oorskietmateriaal in kontrasterende kleure vir kuif, kam en snawel; DMC-stringbordurgare, dikte nr. 25, kleurnommers: 520 – olyfgroen, 522 – olyfgroen, 3031 – donkerbruin, 931 – antieke blou; skuinsband, 2x12 cm.

AANWYSINGS

Trek die patroon na, vergroot dit na wense en plaas op materiaal. Let daarop dat die kam, kuif en snawel afsonderlik nagetrek moet word. Trek dit nou weer op die materiaal na en knip uit, met 1 cm naattoelating reg rondom. Merk borduurgidslyne af en borduur só...

Werk oog in satynsteek en gebruik net twee drade. Werk vlerklyne in stamsteek en omllyn oog met twee drade in agtersteek.

Stik nou kuif se agter- en voorkante aan mekaar vas met regte kante na binne. Doen dieselfde met die snawel en kam. Keer om. Stik nou die lyfpante aan mekaar vas met regte kante na binne – plaas net eers kuif, kam, snawel en skuinsband vir die stert in posisie en ryg vas. Stik dit dan vas terwyl lyfpante aan mekaar gewerk word. Onthou om onderkant oop te los. Keer hoender om en werk onderkant met glipsoomsteek vas.